> Zeg dat de huur £1, of zelfs iets meer, per maand is, dan blyft de transaktie *après tout*[131] voordelig.[132]

Ná die parlementsitting kon Preller in die Kaap aanbly waar hy sy verlof verder kon deurbring. Ook Izaak Wallach het sy verlof in die Kaap deurgebring. Daaroor het Engelenburg aan Preller geskryf:

> Zeg aan Wallach dat ik hem niet hier terug wil zien dan na Nieuwjaar; ook Uzelf dito![133]

Engelenburg het beplan om self, gedagtig aan die geneeskrag van die Caledon-oord,

> ... ook daar myn afgematte ledematen [te] restaureren als de nood aan de man komt![134]

Op 25 November 1915 was Preller steeds by die parlementsitting en het Engelenburg hom gevra om sy telegramme met die berigte wat hy aan *De Volkstem* stuur, kort te hou sodat dit liewer aanvullend moes wees by dit wat hulle van Reuter af kry. Hy moes dus eerder aanvullend optree as in die "in kapasiteit van prinsipale verslaggever". Die rede daarvoor was dat die humeur van die "*Volkstem*-schatbewaarder"[135] kort was omdat hy £2 per dag moes opdok vir die parlementêre telegramme wat Preller na Pretoria gestuur het. Engelenburg het Preller ook gevra om berigte wat aanstoot sou gee, byvoorbeeld 'n opmerking wat Preller omtrent Merriman gemaak het,[136] liewer uit die hoofberigte weg te laat, omdat dit geen verband gehou het met die sake wat van belang was nie. Indien die opmerking in 'n afsonderlik geplaaste galerynota deurgestuur is, sou dit geen aanstoot gegee het nie.[137]

**Engelenburg in Europa gedurende en ná die Eerste Wêreldoorlog**

Engelenburg se halfbroer, Frits Engelenburg, het op 22 Mei 1918 – dus gedurende die oorlog – op 27-jarige leeftyd in Den Haag met Louise Bertha Junkers getrou. Sy was die dogter van Friedrich Wilhelm Junkers en Hedwig Louise Jörgens, gebore te Krefeld in Pruise op 25 Julie 1893. Frits en Louise se oudste dogter, Hedwig Christine Vredenrijk Engelenburg, sou kort ná

---

131 *après tout* – ten slotte, per slot van rekening.
132 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 04.11.1915.
133 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 04.11.1915.
134 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 04.11.1915.
135 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 25.11.1915.
136 G.S. Preller, "Ons Parlement", *De Volkstem*, 23.11.1915. Preller het geskryf oor "Oupa Merriman".
137 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 25.11.1915.

die vredesluiting van die Eerste Wêreldoorlog op 16 Augustus 1919 in Naarden gebore word en die tweede kind, Maria Mathilde Vredenrijk Engelenburg, te Darmstadt ŉ jaar later op 31 Oktober 1920. Laasgenoemde het in 1953 op 33-jarige ouderdom in ŉ motorongeluk gesterf. Hedwig was in 2015 nog in die lewe en in Den Haag woonagtig.

ŉ Maand ná Frits se troue het Engelenburg, op 17 Julie 1918, aan boord van die *City of York* gegaan. Hy het na Brittanje vertrek om eerstehands vas te stel wat daar aangaan en om af en toe berigte oor die oorlog aan Preller te stuur. Die skip het die volgende oggend om 09:00 uit Kaapstad-hawe vertrek. Twaalf dae later was Engelenburg in Freetown, Sierra Leone, en op 2 Augustus is die reis hervat. Hy het op 17 Augustus 1918 om 14:00 in Liverpool, Engeland, aangekom, waar hy die nag in ŉ hotel oorgeslaap het. Die volgende oggend het hy na Edinburgh vertrek. Hy het ook die vloot te Forsyth besoek en is vandaar na Glasgow, Carlisle, Manchester, Chester en Birmingham en toe weer terug na Londen. Engelenburg het moeite gedoen om die situasie in Europa op te som en het gedurende die maande wat gevolg het, byna daagliks onderhoude met hooffigure in verskeie stede gevoer. Persone met wie hy onderhoude gevoer het, sluit in lord W.M.A. Beaverbrook (1879-1964),[138] Henry Charles Hull (1860-1932),[139] lord Henry Kitchener (1846-1937),[140] J.C. Smuts (1870-1950) en Ernest Oppenheimer (1880-1957).[141] Hy het ook onderhoude met kolonel Harold Edward Elliot (1878-1931)[142] en met John Taliaferro Thompson (1860-1940)[143] gevoer. In Parys het Engelenburg met Mikhail Ivanovich

138 W.M.A. Beaverbrook was ŉ invloedryke persbaron wat die *Daily Express*, sowel as die *London Evening Standard* en die *Sunday Express* besit het. As politikus het hy gedurende albei Wêreldoorloë as ŉ minister in die Britse regering gedien (Anon., "Max Aitken, Lord Beaverbrook", http://en.wikipedia.org/wiki/Max_Aitken,_Lord_Beaverbrook [geraadpleeg op 23.10.2013]).

139 H.C. Hull was ŉ regsgeleerde en van 1910 tot 1912 minister van finansies in die Unie-regering (J.P. Brits, "Hull, Henry Charles" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, pp. 390-391.

140 Lord Henry Kitchener was ŉ Britse soldaat. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is hy na Duits-Suidwes-Afrika gestuur om bevel daar te neem tydens ŉ ekspedisie teen die Duitsers. Hy het die graafskap van sy broer Herbert, wat aan die ABO deelgeneem en op 5 Junie 1916 gesterf het, na dié se dood oorgeneem. Hy was daarna in Jamaica, maar het in 1918 na Brittanje teruggekeer.

141 Ernest Oppenheimer was ŉ diamant- en goudmynentrepreneur en ŉ parlementariër. Kyk J. Dagut, "Oppenheimer, sir Ernest" in C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 452-458.

142 Harold Edward Elliott was gedurende die oorlog ŉ senior offisier in die Australiese leër (Anon., "Harold Eward Elliot" by http://en/wikipedia.org/wiki/Harold_Edward_Elliot [geraadpleeg op 22.10.2013]).

143 John T. Thompson was ŉ offisier in die Amerikaanse weermag en word die beste onthou as die uitvinder van die Thompson submasjiengeweer (Anon., "John T. Thompson" by http://en.wikipedia.org/wiki/John_T_Thompson, [geraadpleeg op 22.10.2013]).



Illustrasie 75: Frits Engelenburg. Bron: Fotoversameling van Joop de Vos, Zevenbergen.

Khilkoff, ingenieur van die Trans-Siberiese spoorlyn, gesels. Engelenburg het ook die Suid-Afrikaanse militêre oefenkamp besoek. Elkeen van die 65 miljoen mans wat gemobiliseer is om in die oorlog te veg, moes eers vir ŉ paar maande opgelei word voordat hulle na die front gestuur is. Dit het soldate van Kanada, Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland ingesluit.[144]

Gedurende sy besoek aan Londen het Engelenburg in die Waldorf-Hotel tuisgegaan.[145] Wanneer hy nie afsprake gehad het nie, het hy verkies om in die slaapkamer te bly sit en daar Racine[146] en Augustinus[147] te lees omdat die omgewing buite so aaklig was.[148] Op 19 September het Engelenburg na Windsor gegaan, waar hy aan die koning voorgestel is. Die res van September het hy in Londen, Ierland en Dublin verwyl en gedurende dié tyd afsprake met H.C. Hull, minister van finansies in die Botha-kabinet, baron J.B. Decies (1866-1944)[149] en sir Horace Curzon Plunkett (1854-1932)[150] in Dublin nagekom. Lord Bryan Thomas Mahon (1862-1930)[151] het hy in Belfast gesien, asook vir lord Bernard Arthur William Patrick Hastings Forbes, 8ste graaf van Granard (1874-1948).[152] Hy was ook by die skeepswerf van Harland en Wolff in

---

144 J. Boff, "Training to be a soldier" by http://www.bl.uk/world-war-one/articles/training-to-be-a-soldier (geraadpleeg op 28.01.2015). Artikel by die British Library.

145 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1918 van F.V. Engelenburg.

146 Jean-Baptiste Racine (1639-1699) was ŉ Franse dramaturg, een van die drie groot dramaturge van 17de-eeuse Frankryk (saam met Moliére en Corneille), en ŉ belangrike literêre figuur in die Westerse tradisie. Hy was hoofsaaklik ŉ treurspeldigter.

147 Augustinus (345-430 n.C.) het beweer dat Christene nie pasifiste moes wees in hulle persoonlike, filosofiese standpunt nie. Om die mens self of ander te verdedig is noodsaaklik, veral as dit deur ŉ wettige owerheid gemagtig word.

148 Kanselier Oppenheimer Dokumentasiesentrum (KOD), Universiteit van Kaapstad (UK), C.L. Leipoldtversameling, BC94 (B10). Herinneringe van C.L. Leipoldt soos Engelenburg aan hom meegedeel het ná die Eerste Wêreldoorlog. Hy het Engelenburg in 1937 weer daaraan herinner, C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 20.11.1937.

149 John Beresford, 5de baron Decies, was ŉ Anglo-Ierse leëroffisier. Van 1916 tot 1919 was hy die hoof perssensor vir Ierland. (Anon., "John Beresford, 5th Baron Decies", by http://en.wikipedia.org/wiki/john_beresford,_5th_baron_decies [geraadpleeg op 22.10.2013]).

150 Horace C. Plunkett was ŉ Anglo-Ierse vakbondlid, ŉ landboukundige hervormer, politikus, lid van die parlement en ŉ skrywer. (Anon., "Horace Plunkett", http://en.wikipedia.org/wiki/Horace_Plunkett, [geraadpleeg op 22.10.2013]).

151 Bryan T. Mahon was ŉ Ierse generaal in die Britse leër. (Anon. "Bryan Mahon", by http://en.wikipedia.org/wiki/bryan_mahon [geraadpleeg op 22.10.2013]).

152 Lord Bernard Forbes Granard was ŉ Anglo-Ierse soldaat en Liberale politikus. (Anon., "Bernard Forbes, 8th Earl of Granard" by http://en.wikipedia.org/wiki/Bernard_Forbes,_8th_Earl_of_Granard [geraadpleeg op 22.10.2013]).

Belfast, Ierland. Gedurende die oorlog het dié firma monitors en kruisers[153] gebou, insluitende die swaargewapende "groot ligte kruiser" *HMS Glorious*. Die firma word veral onthou as maatskappy wat vir die konstruksie van die legendariese skip *Titanic* verantwoordelik was.[154] Engelenburg was verder by Workman, Clark and Co., 'n skeepsboumaatskappy, in Belfast.[155]

Op 2 Oktober 1918 het Engelenburg die Director of Army Contracts in Balfour oor die wolprobleem gespreek. Die probleem het reeds in Mei 1917 ontstaan toe die Engelse regering 'n aanbod aan die Suid-Afrikaanse wolboere gemaak het om die hele wolopbrengs van die land in 1917-18 op te koop vir 55% bo die gemiddelde prys van vier jaar tevore. Die wol was nodig om die soldate vir die koue winters te klee. Australië en Nieu-Zeeland was dadelik daarvoor te vinde om hulle wol te verkoop, maar in Suid-Afrika was daar heftige teenkanting. Die Nasionale Party-aanhangers is veral aangesê om nie hulle wol te verkoop nie. Ná 'n groot gesoebat is 'n derde van die wol wel beskikbaar gestel. Gedurende daardie tyd het daar onverwags meer skepe beskikbaar geraak en het die VSA en Japan groot wolaankope gedoen sodat die Suid-Afrikaanse wol teen hoër pryse verkoop is as wat Brittanje aangebied het. Die opposisieparty in Suid-Afrika het gejubel.[156]

In Oktober 1918 het Engelenburg weer 'n onderhoud met lord Beaverbrook gevoer, asook met lord Alfred Milner (1854-1925)[157] en sir Albert Stanley (1874-1948).[158] Volgens Engelenburg het lord Milner erken dat hy sy prokonsulêre opvattings van vroeër, wat die struktuur van die

---

153 "Monitors" was 'n bepaalde soort oorlogskip wat gebruik is om van die see af landteikens te bestook. Hulle was nie baie groot nie en was stadig, maar het baie groot kanonne gehad. Alle kruisers is gewapen, maar hierdie een het besonder groot 15-duim kanonne gehad.

154 Anon., "Harland and Wolff" by http://en.wikipedia.org/wiki/Harland_and_Wolff (geraadpleeg op 22.10.2013).

155 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1918 van F.V. Engelenburg.

156 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 301-302.

157 Lord Alfred Milner was 'n Britse staatsman, goewerneur en hoë kommissaris in Suid-Afrika. Kyk A.L. Harington, "Milner, Alfred, eerste burggraaf" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, pp. 629-633).

158 Albert Stanley is gedurende die oorlog deur die eerste minister van Brittanje aangestel as direkteur-generaal van Mechanical Transport en in 1916 as president van die Board of Trade. Van 1910 tot 1933 was hy voorsitter van die Underground Electric Railways Company of London. (Anon., Albert Stanley 1st Baron Ashfield" by http://en.wikipedia.org/wiki/albert_stanley_1st_baron_ashfield [geraadpleeg op 22.10.2013]).



Illustrasie 76: Bryan Thomas Mahon.
http://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/1/1f/Bryan_mahon.png (geraadpleeg 17.01.2015)



Illustrasie 77: Henry Kitchener.
http://upload.wikimedia.org/wikipedia/commons/c/c8/Henrykitchener,2ndEarlkitchener.jpg (geraadpleeg 17.01.2015)



Illustrasie 78: Waldorf-hotel in Londen waar Engelenburg tuis gegaan het.
http://en.wikipedia.org.wiki/file:waldorff_hotel_3.jpg (geraadpleeg 17.01.2015)




Illustrasie 79: W.M.A. Beaverbrook.
http://www.firstworldwar.com/bio/beaverbrook.htm (geraadpleeg 17.01.2015)




Illustrasie 80: J.T. Thompson.
http://wikimedia.org/wikipedia/commons/4/41/johnTaliaforroThompson.jpg (geraadpleeg 17.01.2015).




Illustrasie 81: M.I. Khilkoff.
http://wikimedia.org/wikipedia/commons/1/1f/MI_Khilkov.jpg (geraadpleeg 17.01.2015).




Illustrasie 82: H.C. Plunkett.
http://wikimedia.org/wikipedia/commons/4/43/Horace_Plunkett_1923.jpg (geraadpleeg 17.01.2015).



Illustrasie 83: Tekenkantoor van Harland en Wolff skeepswerf in Belfast, Ierland.
http://wikimedia.org/wikipedia/commons/9/93/Drauphting_office_Harland_&_Wolff,_Belfast_by_Karl_Beutel_2009.jpg (geraadpleeg 17.01.2015).



Illustrasie 84: W.P. Schreiner.
http://wikimedia.org/wikipedia/commons/8/8d/william/Philip_Schreiner00.jpg (geraadplaag 17.01.2015).



Illustrasie 85: A.M. Milner.
http://wikimedia.org/wikipedia/commons/f/f6/Lord_Milner.jpg (geraadpleeg 17.01.2015).

Britse ryk betref, laat vaar het en saamgestem het met sir Robert Borden en generaals Smuts en Botha, wat teen federalisme en teen 'n imperiale parlement gewaarsku het.[159]

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Engelenburg 'n baie vol program gehad het sedert hy in die tweede helfte van Augustus 1918 in Londen aangekom het. Daar moet ook in gedagte gehou word dat hy vooraf eers afsprake met al die persone gemaak het en sy program volgens hulle beskikbaarheid moes koördineer. Hy moes ook tussen die verskillende stede reis, wat baie tyd in beslag geneem het. Uit die onderhoude wat Engelenburg met al bogenoemde persone gevoer het, kon hy ministers en lede van die Britse regering se gedagtegang aflei oor die inter-imperiale situasie, in die geval van 'n oorwinning. Die manne het dikwels hulle opinies met mekaar vergelyk. Volgens Engelenburg het die embrio-lewe van die nuwe Britse Ryk duidelik merkbaar geword, nog lank voor die Geallieerdes na Parys gegaan het om die oorwonne vyand hul vredesvoorwaardes op te lê.[160]

Teen die middel van Oktober 1918 het Engelenburg 'n ruskans geneem en na Nederland vertrek, waar hy sy familie en vriende opgesoek het. Hy het onder andere sy vader in Apeldoorn, Van Hackelum in Arnhem, Piet Josselen de Jong in Haarlem (wat op sterwe gelê het) en Van Wijngaarden in Rotterdam besoek. Daarna het hy 'n afspraak gehad met die Britse Konsulaat. Op 28 Oktober het hy die begrafnis van Josselen de Jong bygewoon en daarna na Den Haag vertrek, waar hy die volgende dag drr. Waal en Leyds ontmoet het. Hy het ook sy broer Willem en Hendrik de Jong besoek en die volgende dag saam met Willem na 'n konsert gegaan. In November was hy in Apeldoorn, waar hy weer sy vader besoek het. Hy het daarna na Den Haag gereis, waar hy middagete saam met dr. Leyds en aandete met J.A.N. Patijn (1873-1961)[161] geniet het. Die volgende dag het hy saam met Vorstman die Vredespaleis in Den Haag besoek.

---

159 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 339-340.

160 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 339-340.

161 J.A.N. Patijn was 'n Nederlandse liberale politikus. Hy was van 1911 tot 1918 burgemeester van Leeuwarden en van September 1918 tot 1930 burgemeester van Den Haag.

Op 9 November is Engelenburg aan boord van ŉ skip terug na Engeland. Op die skip het hy kolonel Anatole Pavlov ontmoet.[162]

Ná vier jaar van stryd was die Europese moondhede uitgeput. Miljoene soldate het gesneuwel in veldslae waaruit nie een van die twee kante ŉ definitiewe voordeel geput het nie. Ongeveer 8,4 miljoen soldate het hul lewens verloor, van wie verreweg die meeste in gevegte dood is, en ŉ verdere sewe miljoen burgerlikes, van wie net onder die miljoen in direkte militêre aksies gesterf het en die res as gevolg van siekte en hongersnood.[163] In Berlyn het die militêre aanvoerders by die regering aangedring om ŉ wapenstilstand te sluit. Op 11 November 1918 het die Geallieerdes en Duitsland die wapenstilstand by Rhetoudes onderteken.[164] Engelenburg was nog met die skip op pad na Engeland toe die berig van die wapenstilstand oor die radio uitgesaai is. Hy het op 12 November om 3 namiddag in Londen aangekom.[165] Drie dae later het hy ŉ kabelgram aan Wallach in Pretoria gestuur met die boodskap: "Hoping arrive Capetown second half December".[166] Hy was dus vas van plan om aan die einde van November 1918 na Suid-Afrika terug te keer.

In Londen het hy die geesdrif op "vredesaand" ondervind. Op 16 November het hy met die ou verslaggewersneiging om dinge van naby te beskou, deur die strate geloop en toevallig ŉ groep Kanadese vrywilligers teëgekom, waarna hulle na die Buckingham-paleis beweeg het waar die koning op die balkon sou verskyn. Die groep het Engelenburg eenparig tot hulle vaandeldraer gekies en as sodanig het hy voor Buckingham-paleis verskyn, die eerste maal in sy lewe dat hy aktief aan vlagswaaiery deelgeneem het.[167] J.C. Kannemeyer was van mening dat Leipoldt se

---

162 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1918 van F.V. Engelenburg.

163 S. David, *100 days to victory: how the Great War was fought and won*, pp. 464-474.

164 S. David, *100 days to victory: how the Great War was fought and won*, p. 465.

165 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1918 van F.V. Engelenburg.

166 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg - I. Wallach, 15.11.1918. Telegram.

167 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg - knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 61.

tweede "vredesaand"-vers, die sewentiende slampamperliedjie in *Uit drie wêrelddele*,[168] waarskynlik gerig was op Engelenburg se ervaring in Londen – ŉ vers waarin Engelenburg se skeptisisme en sinisme, wat vir Leipoldt so aantreklik was, deurgeskemer het:

Hulle skreeu hoera in die strate
  Dat stoele en tafels kreun;
Die vensterglas is vol gate;
  Jou ore is moeg gedreun.

En vra jy waarom die bohasie
  Waaronder die vensters ly,
Dan praat hul oor 'eer van die nasie',
  Oor vlae en vrymakery.

As ek deur die strate slampamper,
  Dan sien ek maar min van die eer;
En vrymakery lyk my amper
  ŉ Knoop vir die mensdom meer.

Kort ná die wapenstilstand moes ŉ konferensie gehou word waarop ŉ vredesverdrag met Duitsland en die ander verslane Sentrale Moondhede aangegaan sou word.[169] Generaals Louis Botha en Jan Smuts is deur Brittanje aangewys om, as Britse onderdane, by die simposium teenwoordig te wees.[170] Botha was toe nog in Suid-Afrika en moes per skip na Europa reis. Op 29 November het Engelenburg weer ŉ kabelgram na die *Volkstem*-kantoor in Pretoria gestuur met die boodskap: "Postponing return till after Botha's arrival London". Daardie middag om 5 namiddag het hy ŉ afspraak met lord Henry Kitchener nagekom. ŉ Week later, op 6 Desember, het hy aandete saam met Kitchener en Hull geniet, en op 9 Desember middagete met generaal

---

168 C.L. Leipoldt, *Uit drie wêrelddele*, p. 121.
169 D. Stevenson, *1914-1918: the history of the First World War*, pp. 504-5.
170 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 341.

Smuts en Hull en aandete saam met Suid-Afrikaanse joernaliste. Die volgende dag was dit middagete met sir Abe Bailey[171] en Hull.[172]

Engelenburg was teen Desember 1918 reeds vyf maande in Europa en het die een afspraak ná die ander nagekom. Dit sou egter nog ŉ klompie maande duur voordat hy huiswaarts kon keer, want generaal Botha het by sy aankoms in Londen Engelenburg versoek om hom tydens die vredesonderhandelinge in Versailles by te staan, waartoe Engelenburg geredelik ingestem het. Hy sou nie net as tolk optree vir Botha, wat nie Frans magtig was nie, maar sou hom ook van raad dien.[173] Die vredesonderhandelinge sou eers ŉ maand later in Parys ŉ aanvang neem en Engelenburg het besluit om voor die onderhandelinge ŉ huis in Engeland, by Jermynstraat 22, te huur, wat hy op 16 Desember betrek het.[174]

Op 18 Januarie 1919 is die vredesonderhandelinge formeel in Versailles by Parys geopen. Die verrigtinge is oorheers deur Brittanje, Frankryk, die VSA, Italië en Japan. Die ander 27 verteenwoordigende lande moes in die beslissings van die groot moondhede berus. Rusland is nie na die vredesonderhandelinge uitgenooi nie, terwyl die verslane lande ook nie toegelaat is om aan die besprekings deel te neem nie. Hulle moes slegs alles aanvaar wat aan hulle voorgeskryf is. By die onderhandelinge het Woodrow Wilson van die Verenigde State van Amerika die leiding geneem om die 14 punte wat deur die Geallieerde en Sentrale Moondhede op 11 November aanvaar is, te interpreteer en toe te pas.[175] Engelenburg het die sittings van die vredesonderhandelinge, sowel as van sommige kommissies se wegbreekvergaderings, bygewoon. Op 17 Februarie 1919 het hy uit Londen aan Preller geskryf oor hoe die situasie in Europa gelyk het. Net soos in Suid-Afrika het ŉ griep-epidemie geheers wat voortdurend nuwe

---

171 Sir Abraham "Abe" Bailey was ŉ Suid-Afrikaanse diamantmagnaat, politikus en finansier. Kyk R. Ovendale, "Bailey, Sir Abe (Abraham)" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Dictionary of South African Biography*, vol. II, pp. 19-20).

172 Holborn is ŉ vermaaklikheidsentrum in sentraal-Londen waar die Weston's Music Hall byvoorbeeld was. (Anon., "Holborn" by http://en.wikipedia.org/wiki/holborn [geraadpleeg op 22.10.2013]).

173 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg - knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 61.

174 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1918 van F.V. Engelenburg.

175 H.W.V. Temperley (red.), *A history of the Peace Conference of Paris*, vol. VI, p. 395.

slagoffers geëis het. Hy het nog geen idee gehad wanneer hy terug in Suid-Afrika sou wees nie en skeepsgeleenthede was skaars. Hy het geskat dat generaal Botha teen einde Maart sy vredeskonferensiële taak sou beëindig. Engelenburg self het al hoe meer na Suid-Afrika verlang en het geskryf dat Botha die program voortdurend verander het "... tot wanhoop van Sir D. Graaff en u dienaar (Engelenburg) en Brebner".[176]

Engelenburg moes voortdurend tussen Parys en Londen beweeg, met die gevolg dat hy besluit het om 'n vaste woonplek in beide stede te hê "... ten einde te verhinderen dat ik in de straat moet slapen".[177] Hotelakkommodasie in Londen, Parys en Brussel was onbekombaar.[178] Aan 'n verblyf in Warschau het hy ontsnap omdat hy 'n dokter oorreed het om generaal Botha weens sy swak gesondheid onbekwaam te verklaar vir 'n winterverblyf in Pole. Gedurende die vredesonderhandelinge moes 'n besluit geneem word oor onder meer die grens tussen Pole en die Oekraïne, en vir daardie samesprekinge is 'n afsonderlike kommissie aangewys. Die lande wat daaraan deelgeneem het, was die VSA, Brittanje, Frankryk en Italië. Generaal Botha het Brittanje verteenwoordig en het as die voorsitter opgetree. By die onderhandelinge was Engelenburg en kaptein G. Brebner gesamentlik sekretarisse van die kommissie. Die enigste probleem was welke rang Engelenburg moes kry, aangesien dit 'n suiwer militêre raad sou wees. Die staaltjie word vertel dat toe dit aan Engelenburg verduidelik is, laasgenoemde geantwoord het: "Kwel u nie daaroor nie, maak my 'n generaal." Hy sou ook tevrede wees met die rang van korporaal. Die probleem is egter oorkom deur hom tydelik 'n kolonel te maak, 'n rang wat hy ná afhandeling van die onderhandelinge oor die grensgeskil nie wou behou nie.[179] Die kommissie het van April 1919 tot Mei 1919 nege keer vergader. In die notule en verslag wat ná die samesprekinge verskyn het, word Engelenburg aangedui as "British member of secretariat of

---

176 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 17.02.1919.

177 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 17.02.1919.

178 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 17.02.1919.

179 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg - knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 61.

Commission".[180] Aan Preller het hy geskryf dat hy verskeie vergaderings tydens die vredesonderhandelinge meegemaak het en veel baat gevind het met sy kennis van die Franse taal. Ná die onderhandelinge het Engelenburg vir amptelike sake van Londen na Nederland vertrek, maar het nie daarna uitgesien nie, omdat die weer guur was. Gedurende en ná die oorlog het Engelenburg per skip tussen Londen en Nederland gereis. Die skeepsgeleenthede was egter ongereeld. Sy gesondheid het "... nog niet beneden 't traditionele goede peil gezakt!"[181] Die rustelose lewe – nog daar gelaat allerhande los werk en vertalings wat hy vir Smuts moes doen – het meegebring dat hy nie sy werk rustig kon verrig nie. Hy het aan Preller geskryf hoe hy na Suid-Afrika verlang het:

> Hoe meer ik van hier de wereld bekijk, hoe meer ik tevreden ben om Zuidafrika mijn land te mogen noemen.[182]

Wat *De Volkstem* betref, sou Engelenburg oorweeg wat gedoen moes word insake kabelgramme ter aanvulling van die Reuter-diens. Hy het telkens kennis geneem van die kabels in Europese koerante, "... maar dié was ook maar dun!"[183] Volgens hom was dit nie maklik om 'n individu of 'n agentskap te vind wat op min of meer intelligente manier die wêreldsituasie kon behandel nie.

> En nu eindig ik; want 't is half acht en ik moet er in de regen op uit om in een restaurant – de eethuizen zijn steeds propvol! – mijn maaltijd te nemen.[184]

Twee maande later het hy aan Preller geskryf dat hy so af en toe aan hom 'n hoofartikel sou stuur wat hy as stopstuk kon gebruik indien dit te laat in Suid-Afrika sou aankom om aktueel genoeg te wees. Dit het maar benoud in Frankryk daar uitgesien.[185] In dieselfde brief het hy Rompel laat

---

180 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, "Peace Conference, Paris, 1919. Commission for negotiation of an armistice between Poland and the Ukraine, Minutes and Report, May 1919".


181 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 17.02.1919.

182 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 17.02.1919.

183 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 17.02.1919.

184 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 17.02.1919.

185 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 15.04.1918. Engelenburg moes hom vergis het met die jaartal, want hy was nie in April 1918 in Europa nie. Hy het eers



Illustrasie 86: In 1919 tydens die vredesonderhandelinge in Versailles, Parys. Engelenburg was ook teenwoordig. Bron: www.wikipedia.org.en/versailles_paris (geraadpleeg op 15.01.2015).

weet dat hy hom streng moes bepaal by geografiese en historiese voetnote. Dit was nie soseer uit vrees vir *De Volkstem* se vensterruite nie – ofskoon glas tydens die oorlog feitlik onverkrygbaar was – maar veral met die oog op die koerant se verpligtinge teenoor die Suid-Afrikaanse Party, wat sy bes gedoen het om allerlei kritiek die hoof te bied.[186]

Engelenburg het nie 'n hoë dunk gehad van die leiers wat die Vredesverdrag van Versailles aanmekaar getimmer het nie, met uitsondering van die 81-jarige George Clemencau (1841-1929)[187] en Louis Botha. Oor die destyds so hoog geroemde president Wilson het hy vir Leipoldt uit Parys geskryf dat die Amerikaanse president, Woodrow Wilson (1856-1924),[188] op hom die indruk gemaak het van 'n onkundige dweper. Engelenburg het altyd beweer dat die grootste figuur, selfs onder al daardie wêreldfigure, generaal Botha was.[189] By Versailles al het Engelenburg besef hoe sleg die vredestraktaat vir wêreldvrede sou wees en hy het met besorgdheid die toekoms van Europa tegemoet gesien.[190] Toe Hitlerisme later ontstaan het, was Engelenburg onder die eerstes wat die geweldige gevare besef het en toe dit duidelik word dat die vredestraktaat gebaseer was op wreedheid en verdrukking, het sy fyngevoelige geaardheid daarteen in opstand gekom en het hy altyd met die grootste afkeer daarvan gepraat.[191] Ná die oorlog het die grootskaalse ellende en nasionale frustrasies in Duitsland en Italië die weg gebaan vir die tweede en nog bloediger Tweede Wêreldoorlog. Die groot swakheid van die Versailles-verdrag was nie die onmoontlike ekonomiese eise wat kragtens die herstelvergoedingsprogram

---

op 17 Julie 1918 uit Suid-Afrika vertrek en 'n jaar later teruggekeer. Die brief is dus in 1919 tydens die vredeskonferensie in Parys geskryf en die datum moet lui: "15.04.1919".

186 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 15.04.1918 (15.04.1919).

187 G.B. Clemenceau was van 1906 tot 1909 en weer van 1917 tot 1920 eerste minister van Frankryk. Hy was een van die hoofonderhandelaars van die Vredesverdrag van Versailles in Parys in 1919.

188 T.W. Wilson was die 28ste president van die VSA van 1913 tot 1921.

189 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg - knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 61.

190 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg - knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 61.

191 C.L. Leipoldt, "Dr. Engelenburg – 'n waarderende beskouing" in I. Wallach (red.), *Die Volmaakte Gentleman*, p. 42.

gestel is nie, maar die feit dat die magsbalans in Europa vernietig is. Dit moet Wilson voor die deur gelê word dat hy min begrip vir die noodsaaklikheid van so ŉ magsbalans gehad het.[192]

Terwyl die onderhandelinge nog aan die gang was, het Engelenburg op 14 April 1919 die Grands Magasins du Louvre[193] in Parys besoek, waar hy ŉ tapisserie gekoop het wat uit ongeveer die begin van die agtiende eeu dateer. Vir die tapisserie het hy *f*3 500 betaal. Die tapisserie sou hy later in sy slaapkamer, wat hy in 1922 by sy huis in Pretoria aangebou het, bokant die kaggel aanbring.[194] Die tapisserie hang vandag nog op sy plek en is in 2004 deur ŉ kundige van die Strand in die Wes-Kaap gerestoureer.

Ná die beëindiging van die oorlog het van generaal Hertzog se vurigste republikeinsgesinde aanhangers, onder wie Tielman Roos en D.F. Malan, Hertzog oorreed om ŉ deputasie na Parys te lei wat moes pleit vir die onafhanklikheid van die twee ou Boererepublieke. Hoewel Hertzog sy bedenkinge daaroor gehad het, het hy tog aan die druk toegegee. Die deputasie het bestaan uit: J.B.M. Hertzog, D.F. Malan, F.W. Beyers, A.D.W. Wolmarans, A.T. Spies, E.G. Jansen, N.C. Havenga, Hjalmar Reitz en J.H. Gey van Pittius.[195] Die Britse premier, David Lloyd George, was die enigste leier wat bereid was om Hertzog te woord te staan. Hy het daarop gewys dat Botha en Smuts as die enigste ware verteenwoordigers van Suid-Afrika beskou is en dat die versoeke van ŉ politieke groep nie oorweeg kon word nie. Volgens hom was die blote feit van Suid-Afrika se deelname aan die oorlog onder leiding van twee eertydse Boeregeneraals voldoende bewys dat die Boere hulle posisie as deel van die Britse Ryk aanvaar het.[196] Op 21 Junie 1919 het Engelenburg aan Gustav Preller geskryf dat Hertzog se besoek aan Parys ongemerk verloop het. Volgens hom het Hertzog geen oorweldigende indruk op Lloyd George gemaak nie en die

---

192 P.H. Kapp, J.C. Moll, P.S. de Jongh, P. de Klerk, W. van der Merwe en L.W.F. Grundlingh (reds.), *Geskiedenis van die Westerse beskawing: tussen twee Wêreldoorloë*, deel 3, p. 23.

193 Die Grands Magasins du Louvre was in daardie jare die grootste of een van die grootste afdelingswinkels in die wêreld. ŉ Groot verskeidenheid artikels is verkoop, insluitende antiekware. (Anon., "French kitchen antiques" by http://frenchkitchenantiques.com [geraadpleeg op 23.12.2014]).


194 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 25, Kwitansie van die aankoop van die tapisserie, 14.04.1919.

195 D.J.J. Coetzee, "Die onafhanklikheidstrewe van die Nasionale Party", in O.Geyser en A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party* I, pp. 336-337.

196 K. Ingham, *Jan Christian Smuts: the conscience of a South African*, p. 111. Sien ook F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 349-350.




Illustrasie 87: Grands Magasins du Louvre waar Engelenburg die tapisserie in 1919 gekoop het. Bron: www.wikimedia.org/wikipedia/grands_magasins_du_louvre (geraadpleeg op 15.01.2015).



Illustrasie 88: Tapisserie wat Engelenburg in 1919 by die Grands Magasins du Louvre gekoop het. Die tapisserie vorm deel van die Engelenburgversameling.

verslag oor sy mondelinge pleidooi het daarop gedui dat dit glad nie skitterend was nie. Engelenburg was nogal spyt daaroor want, al het hy nie met sy politiek saamgestem nie, het hy gewens dat Hertzog se deputasie meer sou wees as dié van "middelmatige intelligensie".[197] Die amptelike Suid-Afrikaners (Smuts, Botha en Engelenburg) het die deputasie (Hertzog-groep) heel vriendskaplik behandel en het selfs aangebied om hulle na die slagvelde te vergesel. Engelenburg het aan Preller geskryf dat hulle verblyf in Europa werklik na aan die einde was.

> ... wanneer U deze regelen ontvangt, zullen we waarschijnlik op de terugreis zijn. Rijperd!!![198]

Hy het verder laat weet dat Botha en Smuts 'n groot indruk in Londen en ook in Parys gemaak het. Die twee generaals was ook geensins entoesiasties oor die vredesvoorwaardes nie, maar hulle het wel daartoe bygedra dat dit soveel moontlik versag is. Engelenburg het gevind dat die Franse onversetlik was wat die vredesvoorwaardes betref. In Oos-Europa was onderhandelinge nog aan die gang en Engelenburg was bevrees dat ook Wes-Europa nie tot rus sou kom nie.

> Laat de Zuidafrikaaner mensheid de hemel danken voor hun gunstige positie en alle krachten inspannen om daaruit elk nationaal voordeel te halen.[199]

Engelenburg het verkies om agter die skerms vir sy land te werk en het herhaaldelik geweier om aanbiedinge in hoë posisies in die openbare lewe te aanvaar, byvoorbeeld as parlementslid en diplomatieke posisies. Ook die Britse ridderskap wat hom in 1919 aangebied is vir sy dienste in Europa en Brittanje, het hy nie aanvaar nie. Dit is moeilik om vas te stel hoeveel eretoekennings, sommige van Europa, hy ontvang het, omdat baie inligting daaromtrent verdwyn het. [200]

---

197 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 21.06.1919.

198 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 21.06.1919.

199 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 21.06.1919.

200 C.L. Leipoldt, "Dr. F.V. Engelenburg – knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha" in *Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 61. Sien ook R. Stead, "Engelenburg, Frans Vredenrijk" in W.J. de Kock (red.), *Die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 278.

**Engelenburg keer ná die oorlog terug na Suid-Afrika**

Teen Junie 1919 was Engelenburg al ŉ jaar in Europa en lank afwesig van die koerantkantoor. Hy het af en toe ŉ *Volkstem* te lees gekry en het gerus daaroor gevoel dat sy afwesigheid nie inbreuk gemaak het op die gehalte van die koerant nie.[201] Kort ná die sluiting van vrede het Engelenburg na Suid-Afrika teruggekeer. Hy het op 23 Julie 1919 in Tafelbaaihawe aangekom en die volgende dag na Pretoria vertrek. ŉ Maand ná sy terugkoms het Engelenburg middagete saam met generaal Botha geniet, wat ook ná die oorlog na Suid-Afrika teruggekeer het. Vyf dae later, op 27 Augustus, het hy laat in die nag die treurige tyding van generaal Botha se dood ontvang. Die volgende oggend om sesuur was hy by Botha se huis. Die Zuid-Afrikaansche Akademie voor Taal, Letteren en Kunst het Engelenburg versoek om die Akademie op die begrafnis te verteenwoordig, waartoe hy ingestem het.[202] Generaal Botha is in die Rebeccastraat-begraafplaas in Pretoria begrawe.

Engelenburg het aan Preller, wat met vakansie in Lourenço Marques was, geskryf dat die dood van generaal Botha veroorsaak het dat ŉ opvolger vir Botha gevind moes word

> ... en zal waarschijnlik die a.s. parlements-zitting ŉ ander karakter geven dan wanneer Genl. Botha als leider en Premier was aangebleven.[203]

Engelenburg het eers gedink dat hy sou kon volstaan met een van sy joernaliste, ene Ribbink, as verslaggewer by die parlementsittinge, maar met die veranderde omstandighede het hy gemeen dat hyself in Kaapstad aanwesig moes wees. Hy het gevra of Preller kans sou sien om sy gesin in Lourenço Marques agter te laat en vir ŉ paar weke by die *Volkstem*-kantoor in Pretoria af te los terwyl Engelenburg self die parlementsittinge bywoon.

> ’t Serieuse werk te Kaapstad begint niet vóór 8 September, als wanneer ik van hier zou kunnen weg gaan.[204]

---

201 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 21.06.1919.

202 AEA, Bloemfontein, SA Akademieversameling, PV917, vol. 6, W.M.R. Malherbe – N.J. Brümmer, 11.09.1919.

203 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, Vrydag, 29.08.1919.

Preller het via een van die personeellede wat ook in Lourenço Marques met vakansie was en weer terug op kantoor was, laat weet dat hy op Maandag 8 September in Pretoria sou wees. Engelenburg kon nie die reis na Kaapstad vryspring nie en het Saterdag, 6 September, uit Pretoria vertrek: "Ik zal zorgen dat er een leader is voor de Maandagse koerant."[205]

Nie almal in Nederland, soos ook in Suid-Afrika, was Botha se politiek goedgesind nie. J. Visscher se artikel oor Botha, wat hy vir die NZAV se maandblad geskryf het, was geensins vleiend nie. H.J. Kiewiet de Jonge (1847-1935) was ontsteld oor die beledigende strekking van die artikel en het dit afgekeur vir plasing. Volgens hom het Visscher vergeet dat dit nie ŉ tribune was vir sy eie sterk gekleurde politieke en sosiale opvattinge nie, maar die maandskrif van ŉ vereniging. Die NZAV se doelstelling was om Nederland en Suid-Afrika nader aan mekaar te bring en nie net een deel van Nederland tot een deel van Suid-Afrika nie. Die persoonlike oortuiginge van die lede van die NZAV was vry, maar die vereniging self moes hom weerhou van alles wat na partysug gelyk het. Visscher se artikel het dit vir Kiewiet de Jonge laat lyk asof Botha eintlik ŉ boef was wat met die vyande van sy eie volk saamgespan het. De Jonge het gevind dat Visscher geen woord gerep het dat Botha in alle opregtheid die staatkundige weg gevolg het en dat sy versoeningspolitiek in alle opsigte die ontwikkeling van Suid-Afrika ten goede sou wees nie. Hy het gemeen dat die artikel dit sou laat lyk of die bestuur van die NZAV opgetree het as vyand van die betrokke Unie-regering. Dit was vir De Jonge duidelik dat die belange van die NZAV nie veilig was in die hande van Visscher nie.[206] Visscher het hom probeer verdedig en het gemeen dat, ná al die lofbetuiginge en oppervlakkige kritiek oor Botha, hy ŉ verklaring wou gee van Botha se gebroke en verskeurde karakter. Visscher se mening oor Botha is reeds in Suid-Afrika gevorm toe hy nog daar gewoon het en in sy persoonlike omgang met Hertzog, De Wet en Abraham Fischer. Hy moes telkemale hulle mening hoor oor die karakter en politieke onbetroubaarheid van die Transvaalse leier. Dit was in die tydperk wat die toekenning van selfbestuur voorafgegaan het, toe laasgenoemde drie manne huiwerig was om met Botha saam te werk. Visscher se opvatting was dat die Nederlands-Afrikaanse toekoms van die

---

204 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, Vrydag, 29.08.1919.

205 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 01.09.1919.

206 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 52, H.J. Kiewiet de Jonge – J. Visscher, 16.09.1919.

Afrikaners slegs veilig sou wees in die hande van die suiwer verteenwoordigers van die Boere. Hy het gemeen dat daar ŉ politieke party van Nederlandse Afrikaners moes wees en nie die party van Botha en ná sy dood dié van generaal Jan Smuts nie – ŉ onnatuurlike samesmelting van Boere en groot kapitaliste wat met die een been in Londen en met die ander in Johannesburg gestaan het. Die kapitaliste het byvoorbeeld ingesluit sir Thomas Cullinan (1862-1936), sir Abe Bailey (1864-1940) en sir David Graaff (1859-1931). Dié onnatuurlike verbinding is, volgens hom, verpersoonlik deur generaal Botha. Visscher was spyt dat sy artikel nie kon verskyn nie.[207]

Desember 1919 was ŉ moeilike tyd in Suid-Afrika. Die land was nog in rou oor die dood van Louis Botha en ŉ nuwe eerste minister moes verkies word. Die Kerstyd van 1919 moes waarskynlik vir Engelenburg baie moeilik gewees het. Hy het in die verlede soveel kere gedurende daardie tyd van die jaar saam met sy groot vriend Louis Botha en sy vrou Annie op die plaas Rusthof of by Groote Schuur deurgebring. Generaal Botha was nou nie meer daar nie en Engelenburg het die Kerstyd by sy huis in Pretoria deurgebring. Op 28 Desember 1919 het hy ŉ aantekening in sy dagboek gemaak: "Huis door bliksem beskadigd - 8 pm."[208]

**Samevatting**

Die eerste paar jaar ná Uniewording was ŉ tydperk van groot politieke onrus in Suid-Afrika, maar ook in Europa. Die mynwerkerstaking op die Witwatersrand is gevolg deur Hertzog se wegbreek van die Suid-Afrikaanse Party. Dit was ŉ tyd van stormagtige partyvorming. Ontevredenheid met betrekking tot stemreg vir swartmense het regstreeks gelei tot die stigting in 1912 van die South African Native National Congress, wat sedert 1923 as die African National Congress (ANC) bekend gestaan het. Min het Engelenburg geweet watter betekenis hierdie stigting vir Suid-Afrika sou inhou.

ŉ Aansienlike groep uit Afrikanergeledere was gekant teen die beleid van die Suid-Afrikaanse Party, wat daarna gestreef het om Afrikaners en Engelse saam te snoer. Die skeuring in die Suid-

207 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 52, J. Visscher, Dordrecht – H.J. Kiewiet de Jonge, Amsterdam, 12.09.1919.

208 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1919 van F.V. Engelenburg.

Afrikaanse Party het daartoe gelei dat Hertzog in Januarie 1914 die Nasionale Party gestig het. Hertzog wou 'n tweestroombeleid volg en het Suid-Afrika eerste gestel, terwyl die ander twee Boeregeneraals, Botha en Smuts, aan Britse kant was. Dit was een te veel vir 'n groot gedeelte van die Afrikanerbevolking, wat die Britse regering steeds verwyt het vir die sterftes en ellende van die Anglo-Boereoorlog. Baie mense het die Suid-Afrikaanse Party verlaat om by die Nasionale Party aan te sluit. Al drie genoemde partye, die Suid-Afrikaanse Party, Nasionale Party en die ANC sou in verskillende stadiums van die geskiedenis 'n oorheersende rol op die politieke landskap speel (die ANC van 1994 af). Hoewel Engelenburg in sekere opsigte pro-Hertzog was, het hy Louis Botha en die SAP-party ondersteun. Botha en Smuts het die meerderheidsaandele in *De Volkstem* gehad en hulle het van Engelenburg verwag om die Suid-Afrikaanse Party se beleid te bevorder. Engelenburg het Botha en Smuts se politieke belange deurgaans in *De Volkstem* bevorder, hoewel hy nie altyd saamgestem het nie. Engelenburg het hom bo die partypolitiek probeer stel. Sy hoofdoelwit was om as politieke kommentator op te tree. In sekere mate was hy dus 'n politieke ontleder wat die politieke situasie in die land dopgehou en sy gevolgtrekkinge in *De Volkstem* weergegee het.

Die Eerste Wêreldoorlog het ook in Suid-Afrika 'n negatiewe uitwerking gehad. Dit het die verdeeldheid wat sedert die Anglo-Boereoorlog onder die Afrikaners ontstaan het, vergroot en het uitgeloop op die Rebellie, waarin Afrikaner teen Afrikaner te staan gekom het. Ook *De Volkstem* is nie deur die Eerste Wêreldoorlog ongeskonde gelaat nie en moes 'n paar keer onder geweld deurloop.

Vier maande voor die beëindiging van die oorlog het Engelenburg na Europa vertrek, waarvandaan hy eers 'n jaar later teruggekeer het. Hoofsaaklik wou hy eerstehands in Brittanje en in Europa gaan waarneem wat daar gebeur, en ná die wapenstilstand op 11 November 1918 het hy ingestem om die eerste minister, Louis Botha, tydens die vredesonderhandelinge wat op 18 Januarie 1919 begin het, in Parys by te staan – as tolk, maar ook as raadgewer. Nadat die Vredesverdrag van Versailles op 28 Junie 1919 onderteken is, het Engelenburg en Botha na Suid-Afrika teruggekeer. Op politieke gebied het Engelenburg se hulp en ondersteuning baie vir die groot staatsman, Louis Botha, beteken. Botha kon Engelenburg in alles vertrou. Hulle

professionele omgang met mekaar het later ontwikkel tot ’n innige vriendskap. Botha se dood op 27 Augustus 1919 was ’n groot slag vir die land, maar ook vir Engelenburg, wat ’n goeie vriend verloor het.